HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT BOOGSKIET

Boogskiet is ‘n sportsoort wat vanjaar by Hoërskool Waterkloof bekend gestel is. Meer as 30 skutters het reeds aangedui dat hulle aan hierdie unieke sportsoort wil deelneem. Die grondslag is reeds gelê en daar is ‘n groot afwagting om boogskiet as aktiwiteit grensloos te laat groei.

DOELWITTE

Groeipotensiaal, waar geleentheid aan elke skut gegee word om ‘n eie boog te besit en op provinsiale vlak deel te neem, te kompeteer en te presteer, is die norm.
‘n Samewerkingsooreenkoms met Archer’s Edge in Moreletapark bied aan Klofies die geleentheid om diep spore in die boogskietwêreld te trap.

AFRIGTING

Die eienaar van Archer’s Edge, Redge Grant, en ‘n professionele boogskutter, Luzanne Grant, beskik oor genoegsame kennis en ondervinding om wennerboogskutters by Hoërskool Waterkloof te kweek.

NAVRAE

Jaco Labuschagne
Organiseerder: Boogskiet
jaco.labuschagne@klofies.co.za

Redge Grant
Eienaar van Archer’s Edge en afrigter
club@archersedge.co.za

DEELNAME

Byeenkomste waaraan deelgeneem word, sluit die IFAA-binnenshuise en -veldkompetisies, asook kompetisies wat deur The National Archery Schools Programme aangebied word, in.

KOSTES

Aangesien ons by Archer’s Edge skiet, is hulle bereid om ons tegemoet te kom ten opsigte van koste.
Registrasie by Archer’s Edge beloop R50 per jaar en ‘n Hoërskool Waterkloof / Archer’s Edge deelnamehemp, R400.
Baanoefenfooie (slegs veld) is R20 per oefensessie (dit wil sê een keer per week) met die bewys van ‘n lidmaatskapkaart, asook besit van eie toerusting. Hulp en/of afrigting vind op Maandae plaas. Indien ‘n leerder sy/haar eie toerusting het, kan daar ook enige ander dag van die week geskiet word, maar geen hulp/afrigting sal verleen word nie en ‘n R20-fooi is betaalbaar, asook bewys van lidmaatskap.
Indien ‘n leerder nie boogtoerusing het nie en eers die gevoel van boogskiet wil kry, bied Archer’s Edge die opsie dat ‘n boog per sessie gehuur kan word. Dit sluit die gebruik van die boog, ‘n instrukteur, asook ‘n afrigtingsessie van 90 minute teen R350 in. Dit is ideaal vir ‘n beginner om belangstelling in die sportsoort te bepaal en help ook om die basiese beginsels vas te lê.
Archer’s Edge bied ‘n eksklusiewe afbetaalopsie vir ouers van Hoërskool Waterkloof aan. ‘n Boog wat R6,000 kos, kan oor ‘n maksimum tydperk drie maande (dit wil sê R2,000 per maan) afbetaal word. Leerders kan op oefendae steeds met dié boog oefen terwyl dit afbetaal word. Die boog word veilig by Archer’s Edge gestoor totdat dit afbetaal is.

OEFENTYE

Maandae vanaf 14:30 tot 16:00 te Archer’s Edge (Wekkerstraat 800, Moreletapark). Skoolbusvervoer daarheen en terug na die skool toe, is beskikbaar.

SPESIALE VEREISTES

Leerders moet hul eie boog besit. (Verwys na Archer’s Edge se ondersta-ande aanbieding.)

#grensloos